AFRIKAANSE FILATELIEVERENIGING VAN PRETORIA (AFP) IN SAMEWERKING MET DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGS (FAK), ERFENISSTIGTING EN FILATELIESE FEDERASIE VAN SUID-AFRIKA (PFSA) BIED AAN:

# ’N VENSTER OP DIE VERLEDE, ’N ERFENIS VIR DIE TOEKOMS

Erfenis is die onsigbare draad wat die verlede, die hede en die toekoms met mekaar verbind. Dit is die somtotaal van ons stories, ons prestasies en die mylpale wat ons as samelewing gevorm het. Terwyl monumente van klip en beton die landskap oorheers, is daar ’n ander, fyner wyse waarop ons geskiedenis in die miniatuur-kunswerke van die filatelie bewaar word.

Filatelie is veel meer as bloot die versamel van posseëls; dit is die kurering van die mensdom se voetspore. Elke seël, elke posstempel en elke koevert vertel ’n verhaal van politieke verskuiwings, kulturele vieringe en tegnologiese deurbrake. Deur die lens van filatelie word erfenis tasbaar. Dit gee jou die geleentheid om die ryk tekstuur van ons verlede in die palm van jou hand te hou en dit stelselmatig te ontsluit vir die geslagte wat kom.

Met die Erfenis 2026-uitstalling, wat vanaf 24 tot 26 September 2026 by die Voortrekkermonument in Pretoria plaasvind, vier ons hierdie unieke wisselwerking tussen posgeskiedenis en nasionale identiteit. Daar is geen beter plek om die rykdom van ons erfenis te vertoon as in die skadu van ’n monument wat self as baken van herinnering staan nie.

Ons nooi elke versamelaar – van die ervare filatelis tot die entoesiastiese beginner – uit om deel van hierdie geleentheid te wees. ’n Erfenisversameling is ’n persoonlike reis; dit is jou kans om ’n spesifieke tema, ’n tydperk of ’n gebeurtenis uit die vergetelheid te lig en dit met die wêreld te deel. Deur jou versameling uit te stal, word jy nie net ’n bewaker van die verlede nie, maar ook ’n opvoeder wat ander inspireer om met nuwe oë na ons gedeelde geskiedenis te kyk.

Laat Erfenis 2026 die vonk wees wat jou passie vir navorsing en bewaring hernu. Of jy nou fokus op die fynere besonderhede van drukplate of die breë narratiewe van posroetes, jou bydrae is onontbeerlik om die volledige prentjie van ons erfenis in te kleur.

Kom ons span saam om die prag van filatelie te vier en die stories van gister ’n stem te gee vir môre. Ons sien uit daarna om jou en jou unieke versameling by die Voortrekkermonument te verwelkom vir ’n onvergeetlike viering van dit wat ons saambind.

Jou erfenis wag. Is jy gereed om dit te deel?

# INDIVIDUELE REGULASIES

## SPERDATUMS:

- Ontvangs van inskrywingsvorm, en beskrywing – ***31 JULIE.***
- Ontvangs van finale inskrywings, titelblad, sinopsis en inskrywingsgelde – ***30 AUGUSTUS.***
- Ontvangs van uitstallings per courier - ***21 SEPTEMBER*** (laat 2 tot 3 dae toe vir aflewering).
- Ontvangs van uitstallings by Voortrekkersaal by die Voortrekkermonument - **na 14:00, *22 SEPTEMBER***.
- Beoordeling van kompeterende afdeling - ***23 SEPTEMBER.***
- Amptelike Opening van die Uitstalling - ***23 SEPTEMBER.***
- Uitstalling oop vir publiek - ***24 tot 26 SEPTEMBER.***
- Afhaal van versamelings in die Voortrekkersaal by die Voortrekkermonument - **16:00, *26 SEPTEMBER***.

# 1. STATUS VAN UITSTALLING

**1.1** Die uitstalling is 'n ***kompeterende streeksuitstalling*** wat oop is vir PFSA-lede en lede van ander federasie geaffilieer met Fédéation Internationale de Philatélie (FIP).

**1.2** Die uitstalling het twee nie-kompeterende klasse, nl. ***Geen Reëls*** en ***Konteksfilatelie***, *wat oop* is vir enige mede seëlversamellaar (ongeag lidmaatskap van PFSA), of enige ander persoon.

**1.3** Die formaat van die ERFENIS 2026 is as volg:

**1.3.1** Uitstallers kan in die kompeterende klasse (Klasse 1 tot 13) van een tot vyf rame inskryf.

**1.3.2** Uitstallers kan vanaf twee A4-bladsye of een A3-bladsy, vier A4- of twee A3-bladsye, agt A4- of vier A3-bladsye, 1 (een) raam tot 8 (agt) rame in die ***Geen Reëls*** klas (Klas 14) inskryf.

**1.3.3** 'n Raam bestaan uit sestien A4 bladsye of 'n kombinasie van ander grootte bladsye wat saam nie groter as 'n A0 bladsy is nie.

**1.3.4** Een- en tweeramer uitstallings in Klasse 1 tot 13 sal met eenraamreëls beoordeel word (sien Guidelines for Judging One Frame Exhibits at FIP Exhibitions).

**1.3.5** Versamelings kan ook in die Konteksfilatelie klas (Klas 15) ingeskryf word (sien Alex Haimann, Context Philately, MARPEX 2024, Hilton, South Africa). Uitstallers sal verantwoordelik wees vir hulle eie uitstalkaste, gewone filateliese uitstalrame sal verskaf word.

**1.3.5** Die uitstalling sal beoordeel word deur 'n jurie wat saamgestel sal word vir ERFENIS 2026.

**1.3.6** Uitstallings sal moet uitgestal word by die Voortrekkermonument in Pretoria.

**1.3.7** Die uitstallings sal beskikbaar wees vir besigtiging vanaf 24 tot 26 September 2025 in die Voortrekkersaal by die Voortrekkermonument. Resultate sal teen 23 September 2026 tydens die amptelike opening bekend gemaak word.

# 2. DIE ERFENIS 2026 UITSTALLING

Tydens ERFENIS 2026 vier ons ons gedeelte erfenis.

**2.1** Die doelwit van die uitstalling bied die geleentheid vir:

**2.1.1** PFSA-lede om kommentaar te kry op hulle versamelings om vir volgende jaar se nasionale seëluitstalling voor te berei.

**2.1.2** Nuwe versamellaars om die eerste tree tot uitstalling te gee op streeksvlak.

**2.1.3** Ervare versamellaars om materiaal te wys wat nie in formate vir nasionale vlak gewys kan word nie.

**2.1.4** Nuwe idees en ontwikkelings te wys.

**2.2** Alle versamellings moet 'n inleiding bevat wat die doel en omvang kort en bondig uitspel (sien Die Posduif, April 2023, Jaargang 70, Nr. 3, Heelnommer 691).

**2.2.1** Die inleiding sou ook kon filateliese materiaal bevat.

**2.2.2** Een- en tweerameruitstallings in Klas 1 tot 13 moet 'n baie nou omvang behandel en mag nooit 'n uittreksel vanuit 'n groter uitstalling wees nie.

# 3. OMVANG VAN UITSTALLING

Die kompeterende uitstalling sal geassesseer word onder die volgende dissiplines:

**Klas 1:** Tradisioneel (sien Die Posduif, Maart 2023, Jaargang 70, Nr. 2, Heelnommer 690)

**Klas 2:** Posgeskiedenis (sien Die Posduif, Mei 2023, Jaargang 70, Nr. 4, Heelnommer 692)

**Klas 3:** Tematies (sien Die Posduif, Junie 2023, Jaargang 70, Nr. 5, Heelnommer 693)

**Klas 4:** Onderwerpsfilatelie (sien APF: Topical Class - Experimental Rules)

**Klas 5:** Aerofilatelie/Astrofilatelie (Die Posduif, September 2023, Jaargang 70, Nr. 8, Heelnommer 696 en Guidelines for Judging Astrophilatelic Exhibits)

**Klas 6:** Posskryfbehoeftes (Sien Special Regulations for the Evaluation of Postal Stationery Exhibits at FIP Exhibitions)

**Klas 7:** Eerste Dag Koeverte (sien A How-to Guide to First Day Cover Exhibiting)

**Klas 8:** Oop Filatelie (sien Die Posduif, Julie 2023, Jaargang 70, Nr. 6, Heelnommer 694)

**Klas 9:** Prentjie/Foto Poskaarte (sien Die Posduif, Augustus 2023, Jaargang 70, Nr. 7, Heelnommer 695)

**Klas 10:** Inkomste (sien Special Regulations for the Evaluation of Revenue Exhibits at F.I.P. Exhibitions)

**Klas 11:** Moderne Filatelie (Na 2004) (sien Modern Philately Guidelines)

**Klas 12:** Maksimafilie (sien Die Posduif, Oktober 2023, Jaargang 70, Nr. 9, Heelnommer 697)

**Klas 13:** Aspoestertjies (sien Special Regulations for the Evaluation of Cinderella Exhibits at APF National Exhibitions)

Die volgende klasse sal nie beoordeel word en toekennings ontvang nie:

**Erehof:** Sien 4.5.5 of op uitnodiging.

**Klas 14:** Geen Reëls

**Klas 15:** Konteksfilatelie (sien Alex Haimann, Context Philately, MARPEX 2024, Hilton, South Africa).

# 4. INSKRYWINGS EN UITSTALLINGS

**4.1** ‘n Administrasiefooi van R100 ***per inskrywing*** is betaalbaar.

**4.2** Courierkostes word deur die uitstaller betaal. Uitstallings mag gekombineer word in een pakkie.

**4.3** Elke uitstaller kan enige hoeveelheid inskrywings inskryf.

**4.3.1** As meer as een uitstalling ingeskryf word, moet die uitstaller sy/haar voorkeur aandui deur hoe hy/haar inskrywings prioritiseer.

**4.3.2** Indien ’n voorkeur nie verskaf word nie, reserveer die uitstallingskommitee die reg om inskrywings prioritiseer om dit te aanvaar/af te keur op hul eie diskressie sonder om enige redes te verstrek.

**4.4** Inskrywings moet die eiendom wees van die uitstaller en die voltooiing van ’n inskrywingsvorm word geag as ’n verklaring daarvoor.

**4.5** ’n Inskrywingsvorm met ’n beskrywing vir elke uitstalling moet ontvang word voor ***31 JULIE 2026***.
**4.5.1** Vul die inskrywingsvorm in deur hier te kliek …
**4.5.2** Stuur die sinopsis, maksimum 4 bladsye, per e-pos aan Ronel Erasmus by ronel@erasmus.org.za
**4.5.3** Die beskrywing van die uitstalling vir publikasie sal in Afrikaans of Engels en nie langer as 100 woorde wees nie.
**4.5.4** Alle toekennings wat die uitstalling die afgelope 5 jaar ontvang het moet op die inskrywingsvorm ingevul word.

**4.5.5** Indien ‘n uitstalling op ’n nasionale of internasionale uitstalling 65 punte of meer behaal het (nasionale silwer of beter) in die verlede (voor 31 Julie 2026), dan kan dit slegs in Klas 14 ingeskryf word en as deel van die erehof uitgestal word.

**4.6** Indien die uitstalling nie aanvaar word nie, sal die uitstaller teen ***15 Augustus 2026*** in kennis gestel word.

**4.7** Sou enige onsekerheid of dispuut ontstaan oor die geldigheid van ’n inskrywing, sal die beslissing van die Uitstallingskommitee finaal wees.

# 5. UITSTALLING

**5.1** Bladsynommers moet op die regter onderste hoek op die voorkant van elke bladsy aangebring word.

**5.2** Alle bladsye moet in kleurlose deursigte sakkies uitgestal word vir beskerming.

**5.3** Sertifikate van filateliese items moet in die sakkie agter die bladsye waarop die betrokke items gewys word, ingesluit word.

# 6. JURIE EN BEOORDELING

**6.1** Die Reëlingskomitee sal ’n jurie van ervare filateliste saamstel om die uitstallings te beoordeel.

**6.2** Die state met resultate van individuele beoordeellaars is vertroulik.
**6.2.1** Die geakumuleerde resultate en geredigeerde kommentare van al die beoordeellaars word die finale beslissing en sal aangekondig word as die resultaat vir die uitstalling en is finaal.

**6.3** Uitstallings word op eie meriete beoordeel en word nie teen ander uitstallings beoordeel nie.

**6.4** Kopië van materiaal (fotostate, skanderings, fotos, ens.) wat gebruik word in uitstallings moet duidelik gemerk word en moet ten minste 25% lineêr groter of kleiner wees as die werklike grootte van die oorspronklike item.
**6.4.1** Fotos wat in Klas 2 (Posgeskiedenis) en Klas 7 (Oop) gebruik word mag vol grootte afbeeldings wees as hulle deel is van die ontwikkeling van die uitstalling, maar moet oorspronklik wees en so aangedui word.

**6.5** Geen uitstallingsbladsy mag enige prys of waarde aandui nie. Dit mag ook nie geadverteer word as te koop nie. Indien die reël nie nagekom word nie sal dit lei tot onmiddelike diskwalifikasie.

**6.6** A4, A3 of 31 x 28cm bladsye moet gebruik word (sien Recommended Exhibit Sheet Sizes).
**6.6.1** Ander grootte bladsy formate mag ook gebruik word solank die totale grootte van die uitstalling nie 92cm x 120cm oorskrei nie.
**6.6.2** Indien hierdie kriterium nie nagekom word nie, sal die uitstalling nie beoordeel word nie en moet na Klas 14 geskuif word.

**6.7** Beoordeling vind plaas op grond van elke jurielid se eie interpretasie van die FIP- en ander reëls waarvoor FIP-reëls nie beskibaar is nie. Resultate word onder jurielede bespreek om ’n konsensus te bereik oor resultate.

6.8 Beoordeling vind op **23 September 2026** plaas.

6.9 **Erehof**, Klas 14 en 15 sal nie beoordeel word nie.

# 7. TOEKENNINGS

**7.1** Uitstallings sal punte toegeken word uit ’n totaal van 100.

**7.2** Uitstallers sal ’n elektroniese sertifikaat ontvang vir elke ingeskrewe uitstalling.
**7.2.1** Die sertifikaat sal die punte wat die uitstalling behaal het ook aandui, behalwe vir Klas 14 en 15.

**7.3** Geen fisiese medaljes word toegeken nie, maar sal op die sertifikaat aangedui word. Die toekennings is as volg:
**7.3.1** Klas 1 tot 13 (drie of meer rame):

| | |
|---|---|
| Groot Goud | - Meer as 85 punte |
| Goud | - 80 tot 84 punte |
| Groot Vergulde Silwer | - 75 tot 79 punte |
| Vergulde Silwer | - 70 tot 74 punte |
| Groot Silwer | - 65 tot 69 punte |
| Silwer | - 60 tot 64 punte |
| Silwer Brons | - 55 tot 59 punte |
| Brons | - 50 tot 54 punte |
| Meriete Sertifikaat | - 40 tot 49 punte |
| Deelname Sertifikaat | - Minder as 40 punte |

**7.3.2** Klas 1 tot 13 (een of twee rame):

| | |
|---|---|
| Diamant | - Meer as 85 punte |
| Smarag | - 75 tot 84 punte |
| Robyn | - 65 tot 74 punte |
| Saffier | - 55 tot 64 punte |
| Akwamaryn | - 45 tot 54 punte |
| Meriete Sertifikaat | - 40 tot 44 punte |
| Deelname Sertifikaat | - Minder as 40 punte |

**7.5** Klasse 14 en 15 inskrywings ontvang net 'n sertifikaat vir deelname sonder enige punte.

# 7. ADDISIONELE INLIGTING

**7.1 POSGESKIEDENIS: HISTORIESE, SOSIALE EN SPESIAAL**
**7.1.1** Uitstallings in hierdie klas sluit materiaal in wat in die handel en gemeenskap ontwikkel is vir gebruik in die posstelsel en kan ’n toepaslike aantal nie-filateliese materiaal relevant tot die onderwerp insluit.
**7.1.2** Uitstallings geldig vir inskrywing in Klas 2 onder Historiese/Sosiale Studies kan ook insluit, maar is nie beperk tot die onderwerpe nie: Telegramdienste; Groete kaartjies; Geïllustreerde kommersiële koeverte gebruik in die posstelsel; historiese-, plaaslike- en/of streekstudies; studies m.b.t. ’n geleentheid, ens.

**7.2 OOP FILATELIE**
**7.2.1** Die doelwitte van Oopklasfilatelie is om voorsiening te maak vir
- interessante uitstallings wat beide gesoute en nuwe versamelaar stimuleer
- ’n kompetisie vir diegene wat buite tradisionele regulasies wil uitstal deur die insluiting van ’n sekere heoveelheid nie-filateliese material, b.v. etikette, poskaarte, munte en medaljes, telefoonkaarte, dokumente, prente, fotos, tekeninge, koerantuitknipsels, ens.
- sien ook Die Posduif, Julie 2023, Jaargang 70, Nr. 6, Heelnommer 694

**7.3 ONDERWERPSFILATELIE**
**7.2.1** Die doelwitte van Onderwerpsfilatelie is om versamelaars die geleentheid te bied om 'n verskeidenheid filateliese items uit te stal wat 'n spesifieke onderwerp of tema illustreer. Die onderwerp van 'n onderwerpsfilatelie uitstalling kan byna enigiets wees, van voëls, treine, brûe en bekende mense op seëls, tot gebeure soos die Olimpiese Spele of die Wêreldbeker of die geskiedenis van organisasies soos die Rooi Kruis. 'n Onderwerpsfilatelie uitstalling word op 'n logiese manier georganiseer deur gebruik te maak van 'n klassifikasie wat die kyker help om die onderwerp te verstaan. Alle items wat in die uitstalling gebruik word, moet filatelies wees en aanvaarbaar wees in enige van die ander uitstallingsklasse (Klas 1 tot 12), behalwe Oop (Klas 8), Prentposkaarte (Klas 9) en Aspoestertjies (Klas 13). (Uitstallers wat nie-filateliese materiaal, prentposkaarte of Cinderella's wil insluit, kan oorweeg om in die Oop-, Prentposkaart- of Cinderella-klasse in te skryf.) Sien ook APF: Topical Class - Experimental Rules.

© 2026 deur AFP